# VYF-EN-TWINTIGJARIGE AMPSJUBILEUM VAN PROF. B. GEMSER

Ons bring ons jare deur soos 'n gedagte.

Dis nou 25 jaar gelede dat Dr. G. GEMSER, as jong geleerde uit Nederland, aan die voormalige Transvaalse Universiteitskollege die pos aanvaar het van Professor in die Semitiese Lettere en die Ou-Testamentiese Wetenskap. Hy was geleerde van formaat, wetenskaplik gevorm in 'n land met 'n sterk akademiese tradisie en hy het Professor geword aan 'n jong inrigting met sowat 800 studente. Die Universiteitskollege van daardie dae het nognie vaste beslag gehad nie en daar was geleentheid om koers en rigting aan te dui. Daartoe het Professor GEMSER ruim bygedra. Besoekende geleerdes van die Europese vasteland het meermal teenoor my verklaar dat hulle akademies makliker tuis raak in die Universiteit van Pretoria as ander Suid-Afrikaanse Universiteite. Ons opvattings oor taak, doelstellings en lewenstyl van die Universiteit toon die spore van die aanwesigheid en invloed van vastelandse geleerdes tydens die vormingsjare. Dit wat betref Prof. GEMSER se bydrae tot die karakter van die Universiteit van Pretoria wat verlede jaar 'n inrigting was met 3600 studente Hy het sy deel gedoen.

DR. GEMSER was die eerste Universiteitsprofessor in die Semitiese Lettere in Suid-Afrika. As geleerde op die gebied het hy uitmuntende werk gelewer deur die opleiding van studente, die bevordering van die studie van die ou Tale van die Nabye Ooste en deur publikasies van erkende hoë wetenskaplike gehalte. As geleerde geniet hy meer as nasionale bekendheid in die buiteland en daardeur het hy roem verwerf vir die Universiteit waaraan hy nou vir 'n kwart eeu verbonde is. Daarvoor spreek ons opregte waardering uit. Sedert enkele jare het sy voormalige assistent DR. A. VAN SELMS hom opgevolg as Professor in die Semitiese tale in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte en hyself het hom as dosent toegelê op die Ou Testament in die Fakulteit van Godgeleerdheid, Afdeling A. Verskeie kere het Prof. GEMSER beroepe ontvang om 'n vakante professoraat in Nederland te vul. Hy is egter vandag nog onder ons en daarvoor bly die Universiteit van Pretoria hom dankbaar.

Namens die Universiteit word aan die jubilaris die gelukwense van die akademiese gemeenskap oorgebring. Hom word toegewens krag, sterkte en die onmisbare seën van die Allerhoogste in die verdere uitvoering van sy taak as geleerde en sy roeping as mens en Christen-gelowige.

Namens die Universiteit van Pretoria,

C. H. RAUTENBACH,

*Rektor en Onderkanselier Universiteit van Pretoria.*